# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Liberië en Sierra Leone. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.

**RSA & Dorp:** Ekonomie—sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping en Stellemploy. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde 3de kwartaal vir huisgesinne. 'n Geseënde Barmhartigheidsmaand in Augustus. Reëlings wat vlot verloop en entoesiasme vir ons Lentefees in September.

SONDERBRIEKERS SE

## 3DE KWARTAAL KUIER

DONDERDAG 17 SEPTEMBER (08:30 OM 09:00 TE VERTREK)

## UITSTAPPIE NA HOUTBAAI!



ONS SORG VIR VERVOER EN IETSIE VIR DIE PAD.
MIDDAGETE IS VIR JOU EIE REKENING.
RSVP: MAANDAG 14 SEPTEMBER BY 021 886 5975

**Ons is 'n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

**23 Augustus 2026**

Koninkrykstyd

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens & Kategese | 09:30 |
| Tema | Wie is Ek vir jou? |
| Skriflesing | Matteus 16:13-20 |
| Prediker | Hennie Möller |
| Kategese-samevatting | 10:30 - kinders gaan saal toe vir 'n kort samevatting |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam in die vierkant met tee en koffie |
| Tienerbyeenkoms | 18:00 - ontmoet Elzanne in die leeskamer |






## Al die organisasies se houers raak voller!

Daar is nog net een week oor om die 9 houers van die 9 verskillende organisasies vol te maak met nie-bederfbare voedsel. Baie dankie aan almal wat al bydraes gebring het of geld inbetaal het sodat ons aankope kon doen.

## Etekaartjies vir ons Lentefees



Etekaartjies teen R120 per persoon is gedurende die week by die kerkkantoor te koop. Jou keuse is potjiekos en rys, braaivleis (2 lamstjoppies, wors en 2 slaaie) of lamsvleis op die spit (met drie bykosse). Kom koop betyds om teleurstelling te voorkom!

**Teken in op ons E-Nuusbrief:** Gaan na stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus.

KOINONIA


Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**<u>ONS KANTOORURE is:</u>** Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

## PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 24/08 tot Sondag 30/08

| | | |
|---|---|---|
| Di 25/08 | 19:00 | **Kerkraadsvergadering:** in die leeskamer |
| Wo 26/08 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. Na die tyd kuier ons verder saam in die vierkant met 'n koppie koffie of tee. |
| So 30/08 | | **Koninkrykstyd**<br>**Barmhartigheidsondag** |
| | 09:30 | **Erediens & Nagmaal:** Elzanne van der Westhuizen |
| | 10:30 - 11:15 | **Familiekategese**: vir gesinne in die kerksaal |
| | 10:30 | **Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee:** in die vierkant |
| | 18:00 | **Tienerbyeenkoms**: ontmoet Elzanne in die leeskamer |
| | 18:00 | **Nagmaal by Bonheur:** Pierre Goosen |

**Die deuroffer vandag gaan aan die Bybelverspreidingsfonds in aansluiting by Bybelsondag:** Die Weskaapse Sinode is bevoorreg om 'n fonds te hê waaruit gemeentes hulp kan ontvang om Bybels aan te koop en te versprei. Die fonds word aangevul met deuroffers, skenkings en bemakings en subsidieer gemeentes om Bybels in verskillende tale aan te koop wat op uitreike of in die gemeenskap versprei kan word. In die afgelope vier jaar is gemeentes met byna R1 miljoen gehelp om Bybels mee aan te koop en te versprei. Bybelsondag word gevier ter herdenking van die eerste Bybel in Afrikaans wat op 27 Augustus 1933 uitgegee is.



Die deuroffer verlede week aan die Stellenbosch Voedingsaksie was R3 156.

***Baie dankie!***

Volgende week se deuroffer gaan aan die Bediening aan Dowes en die Nasionale Instituut vir Dowes.

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



## Augustus = Barmhartigheidsmaand

### Ons Barmhartigheidstema fokus op mense met voedselnood.



*Die deuroffers gaan gedurende Augustus aan ACVV, Stellenbosch-Welgelegen Noodfonds, Stellenbosch Voedingsaksie, die Bybelverspreidingsfonds en die Bediening aan Dowes en NID.*

**Word deel van ons gemeenteprojek tydens Barmhartigheidsmaand om die groot voedselnood in die Stellenbosch gemeenskap te help verlig. Met ons 31 dae van gee-projek gaan ons probeer om al 9 houers vir die 9 organisasies te laat oorloop met nie-bederfbare voedsel. Die kratte en houers vir elke organisasie word elke week 'n bietjie voller - dankie vir elkeen wat al 'n bydrae gebring het!**

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za




## Augustus = Barmhartigheidsmaand

Word deel van ons groot Barmhartigheidsmaand-projek en help só om die groot voedselnood in ons omgewing te verlig.

Neem 'n inkopielys op die B-Aksie tafel vir idees wat jy alles kan koop om te bring, óf... maak **sopbottels** vol!!



Kom haal 8 skoon koffiebottels, die resep & metode om hierdie 8 bottels te vul en ook 8 papiertjies met kookinstruksies wat jy na die tyd aan die bottel kan vasmaak. Koop net die bestanddele (*1 kg rys, 2 pakkies lensies, 2 pakkies sopmengsel, 8 stock-blokkies, 8 pakkies soppoeier en 2 pakkies macaroni*) en volg die maklike metode om die bottels te vul.

Een so 'n bottel is genoeg vir 6 mense! Dus kan jy met 8 bottels, waarvan die bestanddele jou min of meer R200 uit die sak sal jaag, 48 etes skenk!



## Lesotho-uitreik: 24 September - 3 Oktober 2026

Oud en jonk is welkom om saam op die uitreik te gaan. Kontak vir Braam Horn (braam.horn@mediclinic.com / 071 608 4398) as jou paspoort reg is en jy wil gaan saam werk. As jy klere en 'n sokkerbal het wat kan saamgaan vir die inwoners van Lesotho, kan jy dit kerkkantoor toe bring. Die span vra ook koekies, beskuit en vrugte om saam te neem.

## Lentefees 2026: nog net 20 slapies tot ons Lentefees!



Ons Lentefees kom nou vinnig nader! Jy kan uitsien na al die ou gunstelinge: ons begin met 'n **Lenteloop** om 08:30, **verkope** open rondom 09:30 en ons eindig met **potjies, braaivleis én spitbraai** rondom 13:00.
Hopelik het jou dienswerkers al die nuutste Welgelegener en Lentefees-inligting by jou huis kom afgee en kon jy die pamflet bestudeer en besluit waar jy betrokke wil raak en wat jy wil skenk.

Intussen kan jy solank só betrokke raak en jou deel doen:

- Sorteer kaste en laaie en bring skoon, heel en bruikbare huisware vir die **Wit Olifant Tafel**.
- Toets solank jou gunsteling potjiekosresep **en laat weet die konvenor dat jy 'n pot sal maak.**
- Kyk uit vir oulike **Tombola-geskenkies** (selfs tweedehandse speelgoed, legkaarte en kinderboeke wat nog nuut lyk) wat kinderharte sal bly maak.
- As jy daarvan hou om handwerk in alle vorme te doen en bereid is om van jou handwerkitems vir die **Handwerktafel** te skenk, sal ons baie dankbaar wees.
- **Meel, olie, suiker, kondensmelk, langlewemelk en eiers** kan solank geskenk word vir die gebaktafel en pannekoektafel.
- **Nooi** solank vriende, bure en familie om die dag saam te kom spandeer.

## Huisgeloofblad vir gesinne

Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus.